


**INLEIDING:**

Ons maak die week klaar met ons reeks. Die doel van die week se gesprek is om oor VOLHARDING te praat maar ook so bietjie terug te kyk en te reflekteer oor die hele reeks.
Vrae wat uit die groep uit kom kan jy deurgee via die app en Google form en dan kan ons probeer om so bietjie verder saam te dink oor die AKSIEPAKKIE reeks.

- Gee geleentheid om te deel hoe dit gegaan het met die uitdaging van laas week om erens doelbewus ander te nooi om Jesus te volg
  - Kon jy die BELLS model volg?
  - Wat was vir jou verrassend of uitdagend van die challenge?

**YSBREKER**

Wie is jy by 'n aksie?

1. Trek net aan vir die foto's
2. Begin sterk maar fade halfway
3. Hou die pakkie aan tot die einde

Hoekom?

**SKRIFGEDEELTES:**

- Hebreërs 12:1–3
- Filippense 1:6
- Romeine 5:3-4
- Jakobus 1:2-4

**BESPREKING:**

**Vraag 1:**

*"Dit help nie jy begin goed nie…"*

- Hoekom dink julle begin mense maklik - maar hou nie aan nie?
- Waar sien jy dit:
  - in jou eie lewe?
  - by ander?

**Vraag 2 - Die "skare"**

*"Wie is jou skare?"*

- Het jy mense wat:
  - jou regtig ken?
  - jou *accountable* hou?
  - jou aanmoedig?

Hoekom is dit vir ons moeilik om mense so naby toe te laat?

**Vraag 3 - Wat hou jou terug?**

*"Gooi elke las af…"*

- Watter goed in jou lewe maak dit moeiliker om Jesus te volg? (en aan te hou volg?)

(Bv:)

  - gewoontes/verslawings
  - verhoudings
  - sonde
  - afleidings

Hoekom hou ons dit soms nog vas? Of is dit so moeilik om te laat gaan?

**Vraag 4 - Fokus**

*"Oë gevestig op Jesus…"*

- Hoe lyk dit prakties om jou oë op Jesus te hou?
- Wat laat jou fokus wegdryf?

Ons het geestelik en emosineel so bietjie ADD. Hoe kan ons dit aanspreek?

**Vraag 5 - Die eerlike rede**

**Ons hou nie op omdat ons swak is nie - ons hou op omdat ons vergeet hoekom ons begin het.**

- Watter van hierdie gedagtes herken jy?
  - "Dit is nie meer die moeite werd nie"
  - "Ek mis uit"
  - "Jesus is nie genoeg nie"

**Hoe beïnvloed dit jou keuses?**

**Vraag 6 - BONUS VRAAG (as daar tyd is)**

Wat beteken dit vir jou dat: *"God die werk wat Hy begin het, sal klaarmaak"?*

Gee dit jou:

- hoop?
- druk?
- iets anders?

**PERSOONLIKE STIL WORD EN REFLEKTEER**

[Gee geleentheid vir elkeen om self te dink - gee so minuut of twee hiervoor.]

Voltooi eerlik:

- Die area waar ek besig is om op te gee: ______________
- Die ding wat my terughou: ______________
- Die stap wat ek hierdie week moet neem: ______________

**PRAKTIESE UITDAGING**

Kies 1 van die volgende vir hierdie week waaraan jy wil werk:

- **Skare**
- Praat met iemand en vra: "Kan jy my help accountable hou?"

- **Klere**
  - Maak 'n besluit oor iets wat jy moet los

- **Fokus**
    - Sit elke dag 5–10 min opsy om jou fokus op Jesus te hou

**REEKS REFLEKSIE:**

Reflekteer oor die temas die afgelope week.

- Wat het dit in jou verander vir altyd?
- Wat het jy geleer?
- Wat het geen impak op jou lewe gehad nie? Hoekom?

[Jy kan die terugvoer oor die reeks en of dit gehelp het ook deel via 'n Google form wat Franco sal uitstuur]

**AFSLUITING EN GEBED**

Bid in pare of klein groepies:

- vir volharding
- vir spesifieke areas waar mense sukkel
- dat God die werk sal voltooi wat Hy begin het

"The saints are the sinners who kept on going"

Robert Louis Stevenson